Die leiding van die Heilige Gees

Die besit van die Heilige Gees, die gawe van die Gees in ons hart, is 'n waarborg dat ons die ewige heerlikheid sal ontvang. Die Heilige Gees wat woon in die harte van die gelowiges is nie 'n rustende Gees nie, maar Hy is 'n werksame Gees. Hy stry teen die vlees, die sonde. Hy gee lus en krag om volgens die gebooie van Christus te lewe. Maar daar is ook nog 'n ander aspek aan die inwoning van die Gees in die hart.

Wanneer ons kinders van God is, dan gaan die Here saam met ons deur die lewe. Hy lei en bestuur ons. Dit doen God deur sy Heilige Gees. Wat 'n roer vir 'n skip is, is die Heilige Gees vir die gelowige. *Hy bepaal die rigting waarin ons moet gaan*.

In die Ou Testament lees ons van gelowiges wat bid om die leiding van die Heilige Gees. So vra Dawid: "*Here, maak my U weë bekend; leer my U paaie* (Psalm 25:4). En hy bid ook: "*Leer my, HERE, U weg: ek sal in U waarheid wandel*" (Psalm 86:11).

Daar is duidelik twee aspekte in die leiding van die Heilige Gees waar te neem. In die lewe van die gelowige maak die Here sy wil bekend, maar ook gee Hy deur sy Gees die krag om Gods wil te gehoorsaam.

Waar die Gees in die hart werk, daar word gevra na die wil van God. Ons sien dit duidelik by Paulus na sy ontmoeting met Jesus Christus op die pad na Damaskus. Daar stel hy die belangrike vraag: "*Here, wat wil U hê moet ek doen*?" (Handelinge 9:6).

Die pad van die Gees

Uit die Bybel weet ons dat die Here aan sy kinders die pad wat hulle moet gaan, duidelik wil wys. Hierdie pad is die pad van die Heilige Gees. Wanneer ons vra: Watter soort pad is dit? Dan is die antwoord: Dit is dikwels 'n pad waarop 'n kruis staan, die kruis van die navolging van Christus. Die pad van die Gees is die pad van selfverloëning, die pad van dissipelskap. Op hierdie pad word nie gevra of dit vir my eer en roem, voorspoed en welvaart bring nie. Op die pad van die Heilige Gees gaan dit om eer vir Christus.

Die pad wat die Gees wys, is wel 'n pad van vreugde. Nêrens vind 'n mens meer blydskap in sy lewe en meer vreugde in sy hart nie dan wanneer hy wandel op die pad wat God vir hom gebaan het.

Hoe leer ons hierdie pad ken? Hoe kom ek te wete wat die weg is waarop God my wil lei?

Die omgang met God

Die wil van die Here is nie altyd bekend nie. Maar, so skrywe Paulus in Efesiërs 1:9, God wil die verborgenheid van sy wil aan ons bekend maak. Dit is 'n aansporing om die wil van die Here te soek. Daarom skrywe Paulus, "v*erstaan wat die wil van die Here is*" (Efesiërs 5:17).

Dit is baie belangrik om in die lewe van elke dag, in tye van siekte, by belangrike beslissinge wat geneem moet word, te weet op watter pad die Here ons wil lei. In verband met die verstaan van die wil aan die Here is die omgang met God beslissend. Wanneer ons naby die Here lewe, kom daar 'n helder aanvoeling wat die wil van God is.

Die omgang met God word beoefen deur middel van die Bybel en die gebed. Deur 'n preek, 'n Skriflesing, 'n gesprek na aanleiding van die Bybel kan ons soms somaar die pad vorentoe helder sien.

Ook word die omgang met God beoefen deur die gebed. Op die gebed ontvang ons van God deur sy Gees vrede in die hart, vrede met God in alle omstandighede van die lewe. Vrede en rus in tye van beproewing; vrede en krag om vol te hou in die stryd van die lewe; vrede en vreugde selfs wanneer die dood nader kom.

Geen padkaart nie

Daar moet altyd goed onthou word dat die Here sy kinders van stap tot stap deur sy Heilige Gees lei. God gee ons nie 'n reisplan of 'n padkaart nie. Wel ontvang ons 'n kompas en daar is padwysers. So bind die Here sy kinders vas aan Hom.

Ons sien dit so mooi in die lewe van Paulus. Volgens Handelinge 16 is hy op pad na Europa. Gedurende sy reis wys die Heilige Gees vir hom die volgende stap nadat hy aan die vorige aanwysing van die Gees gehoorsaam was.

Ook sien ons hier dat die leiding van die Heilige Gees ten diepste uit twee dinge bestaan:

- negatief verhinder die Gees Paulus om in Asië die Woord van God te verkondig (Handelinge 16:6);
- positief roep die Gees Paulus na Macedonië (Handelinge 16:9, 10).

Op sy pad is daar telkens 'n padwyser waarop die rigting staan waarin Paulus moet beweeg.

Geestelike groei

Dan vind ons in die Nuwe Testament dat daar 'n innige samehang is tussen *heiligmaking* en die *verstaan van die wil van God*. Deur geestelike groei gaan ons die wil van die Here steeds beter verstaan. Inwendige geestelike groei en uitwendige geestelike leiding gaan saam in die lewe van die kind van God.

Daarom skrywe Paulus (in Romeine 12:2): "Word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is".

Gods wil is tot uitdrukking gebring in vaste strukture soos die *Tien gebooie*, die *Bergpredikasie*, die apostoliese vermaninge in de briewe. Ons moet egter leer om die algemene gebod in 'n bepaalde konkrete situasie toe te pas.

Geestelike groei is nodig om in elke situasie van die lewe die wil van God te weet. Deur 'n lewe van gebed en stryd teen die sonde word die geloof 'n soort van radarsisteem om die wil van God op te vang.

Vrede met God

Elke mens, hoe oud en volwasse ook al, het die behoefte om gelei te word. Ons soek in die lewe van elke dag steunpunte, aanwysings, 'n vashaakplek. Ons is geneig om op ons gesonde verstand te vertrou of op ons organisasie-talent, ons goeie insigte in bepaalde omstandighede.

Die Bybel wys ons egter duidelik aan dat ons nie op dit wat van die mens is, kan vertrou nie.

Ons het die leiding van die Heilige Gees nodig. Wanneer ons deur die omgang met die Here, deur middel van Bybel en gebed en geloofsbeoefening naby die Here lewe, dan sal ons ook meer en meer sy wil verstaan en dan is die heerlike vrug dat ons vrede ontvang, vrede as 'n vrug van die Heilige Gees, vrede met alle omstandighede waarin die Here ons lei.

Die Gees lei altyd in die rigting van God. Die Gees lei nie altyd langs 'n gemaklike pad nie. Dit is egter wel 'n pad waarop ons vrede mag geniet, vrede met God, omdat ons weet dat dit wat God doen altyd die beste vir ons is.

L Floor

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za